View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# Huldrich Zwingli se *Von dem Touff, vom Widertouff und vom Kindertouff*: Enkele aspekte van Zwingli se teologiese denke*

DJ Smith

**Abstract**

**Huldrich Zwingli's 'Von dem Touff, vom Widertouff und vom Kindertouff': Some aspects of Zwingli's theological thought**

The aim of this article is to let Zwingli speak for himself as he expresses himself in his treatise on baptism: *Von dem Touff, vom Widertouff und vom Kindertouff*. The use of secondary literature is avoided in an attempt to steer clear of an interpretation of Zwingli, predetermined by views formed by traditional conceptions handed down and tainted by dogmatic considerations. Zwingli's views on the following themes are discussed and certain conclusions are drawn: Zwingli as pioneer in the founding of infant baptism in both the New Testament as well as the covenant in the Old Testament; Zwingli's distinction of a fourfold usage and meaning of the word baptism; Zwingli and baptism as sign of obligation; Zwingli and the institution of baptism; Zwingli's usage of Scripture; Zwingli and the Holy Ghost.

## 1. DIE AGTERGROND WAARTEEN DIE GESKRIF BEOORDEEL MOET WORD

Ons wil nie in hierdie studiestuk op die geskiedkundige agtergrond van die geskrif ingaan nie, maar wel meer op die inhoudelike. Daarom gee ons 'n basiese agtergrondskennis wat ons siens nodig is vir die verstaan van die geskrif.

Zwingli rig hom in die geskrif teen 'n groep wat radikale oortuiginge ontwikkel het uit die basiese standpunte wat aanvanklik deur die Hervorming-gesindtes in Zürich ingeneem is. Een van die sake waaroor hulle 'n radikale standpunt ingeneem het, was die totale afwysing van die kinderdoop en die aanvaarding van die volwasse doop as die enigste ware doop. Hoewel daar baie ander, selfs belangriker, teolo-

* Referaat gelewer voor die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk op 20 November 1984.

giese kwessies is waaroor hulle radikale teologiese sieninge ingeneem het, het hulle die naam Wederdopers of ook Anabaptiste of Katabaptiste ontvang en is hulle dus net na aanleiding van een aspek van hulle radikal sieninge getipeer.

Die eerste roeringe in die rigting van wederdopery was gedurende 1524, maar die roeringe het vinnig momentum gekry en op 18 Januarie 1525 het Konrad Grebel die eerste volwasse doop te Zollikon voltrek en stel hy dit duidelik dat die kinderdoop onbybels is en dat net volwassenes gedoop behoort te word. Die Wederdopers het hulle werksaamhede ook vinnig en sterk na die dorp St Gallen uitgebrei. Die owerhede daar het 'n gesprek met die Wederdopers in die vooruitsig gestel. Zwingli wou hierdie gesprek beïnvloed en was dus genoodsaak om baie haastig na die pen te gryp. Binne twee maande, op 27 Mei 1525, het hy hierdie geskrif waaroor ons studie handel, voltooi.

Vir die beoordeling van die geskrif is dit nodig om die haastigheid waarmee dit geskryf is, in ag te neem. Met meer tyd tot sy beskikking sou Zwingli dalk sekere sake meer presies en verfynd of dalk ook anders geformuleer het.

'n Tweede saak wat in ag geneem moet word, is dat Zwingli in der waarheid hier met 'n totaal nuwe begronding van die kinderdoop kom. Zwingli was die man wat van die grond af 'n regverdiging en teologiese onderbou vir die kinderdoop moes verskaf. Hy het pionierswerk verrig en sy redenasies en standpunte moet as sodanig beoordeel word. Dit kan dus nie sonder meer vergelyk word met die van die ander Hervormers wat op 'n meer gevestigde basis kon redeneer nie. Veral as ons sy standpunte met die van Calvyn vergelyk, moet ons in ag neem dat hy 'n goeie vyf-en-twintig jaar ouer as Calvyn was.

As ons verder in ag neem dat Zwingli tot kort voor die uitbreek van die Wederdoperse twis en dus ook voor die skryf van hierdie geskrif, die mening toegedaan was dat die oer-Christelike doop 'n inlywing in die liggaam van Christus was waar die gelowige deur die belydenis van sy geloof tot die nuwe lewe in Christus toegetree het, dan besef 'n mens werklik watter baanbrekerswerk Zwingli in die geskrif met betrekking tot die begronding van die kinderdoop verrig het. Zwingli self maak in die geskrif 'n ommeswaai vanaf 'n standpunt met raakpunte met die Wederdoperse argumente na 'n standpunt wat die riglyne trek vir die klassieke argumente wat later in die kringe van die Reformasie teen die Wederdoop en ten gunste van die kinderdoop aangevoer is

(vgl bl 29 – alle aanhalings uit Zwingli se geskrif in hierdie studiestuk is uit Pfister 1948).

'n Laaste saak wat ons op die agtergrond in gedagte moet hou, is dat Zwingli hom nooit heeltemal van die Roomse gedagte van 'n *corpus Christianum* nie, van 'n Christelike samelewing, kon losmaak nie. Vir hom is daar 'n basiese eenheid tussen kerk, staat en samelewing. Elke Christen moes 'n goeie en lojale burger wees en elke Christelike staat moes aan die Christelike kerk gelyk wees. 'n Deel van Zwingli se motivering om die Anabaptiste te bestry, het daarin gelê dat hy bevrees was dat die Wederdopers se verwerping van alle vorme van 'n regeringsgesag en gewone burgerpligte, die sekuriteit sowel as die eenheid van staat en kerk kon omverwerp en die hele kerkstaat-bestel in duie kon laat stort. Dit is ook teen hierdie agtergrond dat die besluit van die Stadsraad van Zürich op 18 Januarie 1525 gesien moet word dat alle kinders binne agt dae gedoop moes word.

## 2. ZWINGLI AS BAANBREKER IN DIE BEGRONDING VAN DIE KINDERDOOP IN DIE NUWE TESTAMENT SOWEL AS DIE VERBOND IN DIE OU TESTAMENT

Zwingli was die eerste Kerkhervormer wat deur besondere omstandighede gedwing is om 'n sistematiese Skrifbegronding van die kinderdoop te gee. Wanneer 'n mens hierdie geskrif van Zwingli lees, is dit opvallend hoe hy die kinderdoop in die Nuwe Testament op daardie bewysplekke grond wat vandag vir ons reeds baie bekend geword het. In Zwingli se tyd het dit egter as 'n nuwe begronding van die kinderdoop gekom. Hy bring tekste soos Matteus 19:13–15 ('laat die kindertjies na my toe kom') prominent na vore; verder ook Handelinge 2:37–39, die bekende *oîkos*-tekste en dan ook 1 Korintiërs 7:12–14. Die latere kerke van die Hervorming het Zwingli hierin gevolg.

Daar is 'n ander baie belangrike saak waarin veral die Calvinistiese kerke Zwingli gevolg het en dit is die verband wat hy gelê het tussen die doop en die Ou Testament, wat neerkom op 'n verband tussen doop en verbond. Hoewel Zwingli in hierdie geskrif nie uitgebreid op die saak van doop en verbond ingaan nie, stel hy duidelik (bl 140–142) dat die doop op twee pilare berus en dit is eerstens dat die kinders aan God behoort en dus gedoop behoort te word, soos dit ook in die Nuwe Testament aangetoon word. Die ander pilaar is dat 'n mens na die Ou Testament kan teruggryp om die doop te begrond, aangesien die Ou Testament reeds van die doop getuig. Die besnydenis is wesenlik gelyk

aan die doop. Die doop het in die Nuwe-Testamentiese tyd in die plek van die besnydenis gekom. Hy begrond sy argument soos volg: Volgens Romeine 4:11 was die besnydenis 'n teken van die geloof en is dit aan die kinders bedien. Die doop wat in die plek van die besnydenis gekom het, is eweneens 'n teken van die geloof wat aan die kinders van die gelowiges bedien kan word. Op 'n ander plek (bl 28) sê hy dat die besnydenis nie as 'n teken gegee is om Abraham en sy nageslag se geloof te versterk nie, maar as 'n teken wat 'n verpligting daarstel ('Pflichtzeichen'). Op dieselfde wyse is die doop in die Nuwe Testament ook 'n teken wat die betrokkenes onder 'n verpligting stel ('Pflichtzeichen'). Net soos by die verbond word die dopeling nie deur die uiterlike teken van die doop regverdig gemaak of in sy geloof versterk nie, maar het hy 'n teken ontvang wat sy ouers en homself onder 'n verpligting stel. Zwingli redeneer ook (bl 102–106) dat die besnydenis 'n pligsteken is waardeur 'n verbond tot stand kom waarin Abraham en sy nakomelinge die plig opgelê word en die plig op hulle neem om hulle kinders só in die geloof te onderrig dat hulle hulle kinders alleen aan God verbind en tot Hom lei. Hierin is daar tussen die besnydenis en die kinderdoop 'n noue ooreenkoms, want beide dien die doel dat dit 'n manier is waarop God voorsorg getref het dat ouers wat in die ware God glo, ook hulle kinders sal opvoed om God te ken en te dien.

Hoewel Zwingli nie diep en breed ingaan op die saak van die doop en dié se band met die besnydenis en die verbond nie, en in der waarheid nie veel meer doen as eerste riglyne trek nie, het drie van hierdie riglyne groot invloed op die verdere verloop van die Hervorming uitgeoefen. Hy stel eerstens die eenheid tussen Ou en Nuwe Testament teenoor die Wederdopers wat die Ou Testament so goed as geïgnoreer het. Tweedens beklemtoon hy die wesenlike verband en eenheid tussen die besnydenis en die doop in so 'n mate dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Laastens en baie belangrik is die feit dat hy ook die kiem geplant het van 'n verbondsteologie wat in die latere verloop van die Hervorming baie wyer sou uitkring as net 'n saak wat bloot op die kinderdoop gerig is. Die verbondsteologie van sy opvolger Bullinger is 'n goeie voorbeeld. In die lig van die plek wat die verbondsteologie in die Calvinistiese teologie ingeneem het, mag die baanbrekerswerk van Zwingli in die verband nie onderskat word nie.

## 3. ZWINGLI SE ONDERSKEID VAN 'N VIERDERLEI GEBRUIK EN BETEKENIS VAN DIE WOORD 'DOOP'

Zwingli het 'n baie interessante siening oor die gebruik van die woord 'doop' in die Nuwe Testament. Hy gaan naamlik van die standpunt uit dat die woord in die Skrif op verskillende maniere gebruik word. Hierdie standpunt dien as 'n argument teen die Wederdopers om hulle daarvan te oortuig dat die heil nie in die uiterlike vorm van die doop, soos hulle wel wil voorgee, lê nie (bl 24). Hy onderskei dan 'n vierderlei betekenisgebruik van die woord 'doop' (bl 18–20). In hierdie onderskeid wat hy maak, openbaar Zwingli as 'n kind van sy tyd 'n baie vars en goed wetenskaplike benadering.

Die onderskeid wat hy maak, is eerstens dat die woord 'doop' gebruik word vir die doop met die water waardeur 'n mens jou slegs tot 'n Christelike lewe verbind ('verzeichnet'). Hy haal Johannes 3:23 as 'n bewysplek aan. Die tweede onderskeid is die doop van die Heilige Gees wat slaan op die innerlike verligting en opvoeding wat die Gees daar waar 'n mens God bely en Hom aanhang, bring. Sy vertrekpunt hier is Handelinge 1:5. Derdens onderskei hy die doop van die onderrig. Dit is waar die uiterlike onderrig in die heil (deur mense gegee) en die uiterlike doop met die water saamgaan. Hier verwys hy onder andere na Johannes 1:26 en 3:22. Vierdens onderskei hy ook die doop waar die uiterlike doop en die innerlike geloof saamgaan. Laasgenoemde kom daarop neer dat die woord 'doop' ook vir die redding ('Heil') en goeie Christelike lewe ('Ordnung') wat Christene ontvang gebruik word. 1 Petrus 3:21 is in hierdie verband sy bewysplek.

Wat die eerste gebruik van die doop betref, is dit vir Zwingli duidelik dat die doop soms bloot aandui dat iemand hom tot 'n Christelike lewe verbind het.

Die tweede onderskeid, dié van die doop met die Heilige Gees waar die Heilige Gees 'n innerlike verligting en opvoeding in 'n mens bring, beklee 'n belangrike plek in Zwingli se redenasie. Dit is vir hom belangrik om in hierdie verband op te merk dat alle mense in alle tye nie anders as uiterlik doop nie; òf hulle nou water oorgiet òf onderdompel. Alle doop deur mense slaan op die uiterlike.

Dit is alleen God wat die doop met die Heilige Gees kan gee en hierdie doop met die Heilige Gees is die innerlike onderrig, opvoeding (in die geloof) en binding aan God wat die Heilige Gees in die gedoopte bewerk (bl 19-20).

Dit is interessant om daarop te let dat Zwingli wat die doop met die Heilige Gees betref, tussen 'n uiterlike doop met die Heilige Gees en

die innerlike doop met die Heilige Gees onderskei. Die uiterlike doop met die Heilige Gees sien hy as die wonder van die spreek in tale wat met die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag gepaard gaan. Hy verklaar Jesus se woorde in Handelinge 1:5 ('maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie') sodat Jesus die spreek in tale wat gepaard gaan met die uitstorting van die Heilige Gees wat op pinksterdag sou volg, 'n doop noem (bl 26-27).

Hy maak hier 'n interessante sydelingse opmerking, naamlik dat soos die tale-teken nie ter wille van die gelowiges wat dit gespreek het gegee is nie, maar ter wille van die ongelowiges (1 Kor 14:22), so word die waterdoop nie ter wille van hulle wat dit aanvaar, gegee nie, maar ter wille van ander gelowiges om hulle te beïnvloed.

Nog 'n belangrike onderskeid wat Zwingli maak, is dat Jesus se dissipels wel soms die uiterlike waterdoop bedien het sonder dat die innerlike doop met die Gees daarmee saamgegaan het. Hy verwys onder andere na Johannes 4:2 en 1 Korintiërs 1:12 (bl 22). Aan die ander kant is die doop van die Gees ook soms sonder die waterdoop gegee. 'n Voorbeeld is Nikodemus wat wel geglo het, maar tog nie gedoop is nie. Volgens Handelinge 10:14 ontvang Kornelius en al sy mense die Heilige Gees voor hulle nog gedoop is. Doop en die ontvangs van die Heilige Gees hoort dus nie noodwendig saam nie.

Geloof (vir Zwingli sinoniem met die ontvang van die Heilige Gees) is ook dikwels voor die doop gegee en nie net daarna nie. Die moordenaar aan die kruis is 'n voorbeeld van iemand wat gered is sonder dat hy eers gedoop is (bl 24).

Uit Johannes die Doper se woorde in Matteus 3:11 en Lukas 3:16 lei hy af dat Johannes daarvan bewus was dat hy alleen 'n uiterlike doop kan bedien en dat sy verkondiging net uiterlike berou en bekering tot gevolg kan hê. Johannes stel dit immers duidelik dat die Christus wat kom, mense innerlik met sy Gees sal doop en in sy liefde sal aanvuur (bl 25–26).

Dit is vir Zwingli baie duidelik dat niemand anders as God alleen die innerlike doop met die Heilige Gees kan gee nie en dat dit bestaan in die onderrig, troos en sekerheid wat God in ons hart gee (bl 26).

Met sy derde onderskeid, dié van die doop van die onderrig, wil Zwingli stel dat die woord 'doop' ook gebruik is vir die onderrig in die geloof en leer wat aan die werklike doop met water voorafgaan en daarmee saam gaan. Die aksie van onderrig en kategese met die oog op die doop is alreeds 'n doop. Hierdie doop van die onderrig is dikwels uiterlik deurgevoer, byvoorbeeld deur Paulus in Handelinge 18:6 en dit

word hier 'n doop genoem hoewel niemand gelowig geword en hulle laat doop het nie. Ons kan Zwingli se siening hieroor duidelik maak aan die hand van die antwoord wat hy die Wederdopers gee wanneer hulle beweer dat die paradoks in Handelinge 19:1–6 (waar die dissipels wat met Johannes se doop gedoop is, weer gedoop is) daarop dui dat Johannes en Jesus se doop verskillende doophandelinge is (bl 79–84). Zwingli stel dat Paulus in dié gedeelte na die geloof en gesindheid in die dissipels se hart vra, want toe hy gevra het of hulle die Heilige Gees ontvang het, het hy opgemerk dat hulle geloof en gesindheid verkeerd is. As hy dan net daarna weer vra met watter doop hulle gedoop is, vra hy in der waarheid nie na die uiterlike waterdoop nie, maar na die onderrig wat hulle ontvang het en na hulle geloof. As hulle dan weer gedoop word, gaan dit daarom dat hulle die regte onderrig kry en tot die ware geloof kom. Paulus doen dus navraag oor die leer waarin hulle onderrig is en die geloof waaruit hulle lewe.

Wat die vierde gebruik van die woord 'doop' betref, dié met betrekking tot die uiterlike doop wat met die innerlike geloof saamgaan en uitmond in redding en 'n goeie Christelike lewe, sê Zwingli dat geloof en doop mekaar nie wedersyds beperk nie. 'n Mens kan dus nie sê dat as iemand die waterdoop ontvang het, hy ook gelowig moet wees nie. Dit is dwaas om te redeneer dat doop en geloof vanselfsprekend saamgaan asof net gelowiges gedoop word en die doop andersyds vanself geloof meebring. Daar is mense wat gedoop is, maar nie geglo het nie. So is Jesus se dissipels wat Hom verlaat het en Judas wat Hom verraai het, vir Zwingli 'n bewys dat die waterdoop ook bedien is waar die innerlike doop, dit wil sê die geloof, nie teenwoordig was nie (bl 22).

## 4. ZWINGLI EN DIE DOOP AS PLIGSTEKEN

Zwingli is al meermale met goeie reg daarvan beskuldig dat hy 'n subjektiwistiese siening oor die doop het deurdat hy daarop gestaan het dat die uiterlike doop nie die sonde kan afwas nie, maar dat dit alleen deur God as 'n pligsteken ingestel is. Daardeur gee die volk van God hulle verbondenheid aan Hom te kenne. Dit is waar, maar as ons die dwalinge waarteen Zwingli moes stry in ag neem en as ons met 'n bietjie groter begrip luister na wat Zwingli hieroor sê en hoe hy dit sê, dan besef 'n mens dat die oordeel van subjektiwisme oor Zwingli se doopsbeskouïng, hoewel met elemente van waarheid, tog in die algemeen te strak en skerp geformuleer is.

Zwingli se uitsprake in hierdie geskrif oor die doop as pligsteken

moet in die lig gesien word dat hy aan die een kant op die agtergrond rekening gehou het met die Rooms-Katolieke Kerk se dwaling dat die doop *ex opere operato* werk. Hiervolgens het die doopshandeling self 'n inherente krag en vermoë om afwassing van sonde te bewerk. Die voorwaarde is dat die doophandeling net korrek uitgevoer moes wees. Aan die ander kant het Zwingli ook met die Anabaptiste se siening wat hy bestry het, rekening gehou. Hulle siening het in 'n sekere opsig aangesluit by dié van die Rooms-Katolieke Kerk, naamlik daarin dat dit ook 'n sekere objektiewe krag aan die doop toegeken het. Hierdie objektiwistiese opvatting van die Wederdopers het daarop neergekom dat hulle aan 'n sekere vorm van die doop, naamlik die volwassedoop en die onderdompelingsdoop, 'n heilsbewerkende krag toegeken het.

Alreeds wanneer Zwingli oor die woord 'sakrament' praat, sê hy dat dit 'n valse begrip is dat 'n sakrament iets is wat die sonde wegneem of 'n mens heilig maak. Vir 'n Christen kan niks die sonde wegneem of 'n mens heilig maak nie, behalwe Christus alleen (bl 16). Hy versoek derhalwe die Anabaptiste om 'n sakrament 'n sakrament te laat wees en nie te sê dat sakramente ook werklik dit is wat hulle aandui ('bedütend') nie. As die sakramente is wat die Anabaptiste aandui, dan sou hulle nie langer tekens wees nie, want tekens en dit wat hulle moet beteken ('verzeichnet') is nie een en dieselfde ding nie (bl 17).

Zwingli voel hom selfs verplig om krities te staan teenoor uitleggers vanaf byna die apostels se tyd. Hoewel met groot huiwering, moet hy ter will van die waarheid stel dat hulle almal aan die water by die doop 'n betekenis gee wat dit nie het nie, naamlik dat die water gelyk sou wees aan die saak wat dit beteken (bl 14).

Zwingli begrond sy argument dat die uiterlike doop nie in staat is om 'n mens se sonde weg te neem nie, daarop dat Christus alle uiterlike middele tot regverdiging vir mense weggeneem het toe Hy die vloek van die sonde op Hom geneem het. Hy het dit op só 'n wyse gedoen dat niks wat uiterlik is, ons rein of regverdig kan maak nie. Dit is om dié rede dat Paulus dan ook in Hebreërs 9:9–10 sê dat Christus alle seremoniële dinge, dit wil sê uiterlike dinge en uiterlike vertoon, weggeneem het. Vanuit Hebreërs 9:9–10 redeneer Zwingli verder dat Christus juis alle uiterlikhede (seremonies) afgeskaf het sodat ons daaruit geen regverdigmaking kan verwag of soek nie. Hiernaas kan aan dié dinge wat Christus nog as uiterlike tekens nagelaat het, hoegenaamd geen reinigende krag toegeken word nie. Indien die seremoniële tekens in die Ou Testament slegs vleeslik en uiterlik was en nie in staat was om 'n mens se gewete te reining nie, kan uiterlike tekens in

Christus dit nog veel minder doen, aangesien dit alleen die Gees is wat ons lewend maak (bl 15).

Wanneer Zwingli die saak van die doop as 'n pligsteken nader beredeneer, sê hy dat hy van mening is dat die woord pligsteken ('Pflichtszeichen') 'n beter woord vir die woord 'sakrament' is. Hy gebruik dan die beeld van iemand wat as soldaat die eed van trou aan die Switserse eedgenootskap sweer en die wit kruis op sy klere as teken dat hy homself daartoe verbind ('verzeichnet'), vaswerk. Die doop is 'n pligsteken in dieselfde sin van die woord, want met die teken van die doop wil 'n mens jouself aan God verbind ('verzeichnen'). In die doop verbind 'n mens jou aan die verbond en gee te kenne dat die mens wil hoor wat God vir hom sê, dat hy sy wil wil leer ken en daarvolgens wil leef. 'n Mens kan ook sê dat die doop 'n teken is wat ons onder 'n verpligting teenoor die Here Jesus Christus stel. Die doop is 'n teken van pligsbinding (bl 16—17). Die doop is 'n teken wat die persoon wat hom laat doop só onder 'n verpligting stel ('einpflichtig zeichen') dat dit hom as iemand wat sy lewe wil verbeter en Christus wil navolg, kenmerk. Kortom dit is die begin van 'n nuwe lewe en is as sodanig 'n teken van 'n verpligting wat aangegaan is (bl 32). Hy gebruik onder andere Romeine 6 as vertrekpunt van sy standpunt dat die doop 'n teken van verpligting is waardeur 'n mens jou tot 'n nuwe lewe aan God verbind. Die doop is 'n toewydingsteken wat 'n mens in Christus laat indoop en onder 'n verpligting stel deurdat ons in Hom nuwe mense word en 'n nuwe lewe lei (bl 47-52). Wanneer Zwingli oor die trinitariese doopformule praat, dan stel hy dat die uitdrukking 'ek doop jou in die Naam van' soveel beteken as: ek plaas jou onder 'n verpligting teenoor die mag, majesteit en genade van die Vader, Seun en Heilige Gees (bl 37—39). Dit is duidelik dat Zwingli met die uitdrukking 'onder 'n verpligting plaas' ('zeichnen'), die volgende bedoel. Deur die doop word 'n mens verbind om vergewing van sonde en alle ander dinge alleen van God deur Jesus Christus ons Here te ontvang en om Jesus Christus deur ons lewe na vore te laat bring ('zeigen') en om Hom na te volg. Zwingli sê dat hy met sy redenasie oor die doopformule wil aantoon dat Christus wil hê dat 'n mens die dwalende skape deur die doop aan die ware God moet bind ('verzeichne') en na die ware Herder van ons siele, Jesus Christus, moet lei deurdat ons deur die doop verplig word om te leef soos Hy geleef het (bl 40). Zwingli is daarvan oortuig dat die waterdoop (= uiterlike doop) niks anders is nie as 'n verpligting en band ('Pflicht und Verzeichnung') waardeur 'n mens 'n gedoopte aan God toewy (bl 41).

Naas die gedagte van die doop as pligsteken is daar 'n ander saak wat Zwingli by herhaling en met nadruk beklemtoon, en dit is dat die doopshandeling van oorgieting met water nie die sonde kan afwas nie. Doopwater is nie in staat om die sonde weg te neem nie (bl 52). Die waterdoop kan niks anders wees nie as 'n uiterike seremonie, dit wil sê 'n uiterlike teken wat 'n mens in die Here Jesus Christus inlyf, inplant en onder 'n verpligting stel om vir Hom te lewe en Hom na te volg (bl 58). Hy sê dat die vleeslike water (dit wil sê, die blote uiterlike bediening van die doop) niks kan doen om ons siel te reining nie, soos betuig in 1 Petrus 3:20–21 en Johannes 3:5–6 (bl 54). Dit staan vir Zwingli vas dat mense niks anders as die uiterlike waterdoop kan bedien en nie die innerlike doop met die Heilige Gees nie (bl 69 en volgende).

Indien Zwingli net by hierdie twee klemtone van die doop as pligsteken en van die uiterlike doop wat geen reinigende krag het nie, bly staan het, dan sou Zwingli in 'n volkome subjektiwistiese siening van die doop verval het. Daar is egter ook 'n ander klemtoon wat deur Zwingli gelê word en wat nie altyd die nodige aandag kry nie. Dit is dat die ware reinigende en sondevergewende doop iets is wat alleen maar van God, Christus en die Heilige Gees kom (vgl sy siening oor die doop van die Heilige Gees en die doop waarmee die innerlike geloof verbind is). Dit is Zwingli se erns om aan te toon dat die ware reinigende en sondevergewende krag van die doop nie uit menslike handelinge voortvloei nie, maar voluit 'n daad van God is. Daarom dan ook sy sterk klemtoon dat niks die sonde kan wegneem of 'n mens kan heilig maak nie, behalwe Christus alleen nie (bl 16). En verder dat dit alleen die Heilige Gees is wat lewend kan maak en die innerlike en reinigende doop kan gee (bl 15, 16, 19, 20, 69 en 70). Wat die verhouding doop en geloof betref beklemtoon hy gevolglik dat geloof die enigste wesenlike saak is wat ons, wat die prediking hoor, salig kan maak en dat dit alleen God is wat die geloof in ons kan wek (bl 26).

Wat Zwingli dus probeer doen, is om die heilshandeling by die doop voluit in God se hande te plaas en uit die mens se hande weg te neem, maar om tog ook die mens se verantwoordelikheid by die doop, deur die doop 'n pligsteken te maak, voluit te beklemtoon.

Na my mening was Zwingli se diepste bedoeling nie subjektiwisties nie, maar dat hy wel terme en uitsprake gebruik wat sy doopsiening sterk subjektiwisties kleur. Die rede hiervoor is dat hy die ware werking en betekenis van die innerlike doop as iets sien wat alleen van God buite die mens om kom. Hy doen dit op so 'n wyse dat hy die rol

en plek van die mens in die ware, innerlike doop heeltemal wegneem, behalwe in so verre as wat die mens die ontvanger van genade is. Die gevolg is dat hy die uiterlike doop tot 'n subjektiewe pligshandeling vir die gedoopte kindjie sowel as vir die ouers maak. Zwingli se groot doel was dus om die ware, innerlike doop alleen 'n daad van God, van die Heilige Gees, te laat wees.

## 5. ZWINGLI EN DIE INSTELLING VAN DIE DOOP

Ons wil nie probeer om in hierdie studiestuk al die sake waarin Zwingli van die Wederdopers verskil het, aan te stip nie. Tog wil ons ingaan op die geskil wat hy met hulle oor die instelling van die doop gehad het. Hiervoor het ons twee redes. Die eerste is dat dit 'n saak is wat nie altyd so duidelik in die geskrifte oor Zwingli na vore kom nie. Die tweede rede lê daarin dat daar in ons dag 'n mate van ommeswaai in die beredenering oor hierdie saak gekom het. Waar Zwingli aan die een kant Johannes die Doper en Jesus se doop sonder meer gelykgestel het en die Wederdopers aan die ander kant 'n duidelike onderskeid tussen die twee getref het, vind ons dat daar in ons dag by voorstanders van die kinderdoop 'n groter onderskeid tussen Johannes en Jesus se doop gemaak word. Hierteenoor is die hedendaagse voorstanders van die volwasse doop weer geneig om die eenheid van die twee te beklemtoon. Hulle gebruik onder andere die argument dat die volwassedoop geregverdig kan word uit die feit dat Jesus ook as 'n volwassene deur Johannes die Doper gedoop is.

Die Wederdopers se standpunt was dat Matteus 28:19 (die trinitariese doopformule) die begin en instelling van die doop aandui. Hulle lei ook tegelykertyd uit die woordvolgorde af dat klein kinders nie gedoop mag word nie. Zwingli ontken uitdruklik dat 'n mens hier met die begin en eerste instelling van die doop te doen het (bl 34–35). Dit is tog duidelik dat Jesus al vantevore die doop deur sy dissipels laat bedien het en dat Hy self ook gedoop is. God het die doop deur die werksaamheid van Johannes die Doper ingestel. Hoewel die Wederdopers van mening is dat Johannes se doop en Christus se doop twee verskillende dinge is, is Zwingli van mening dat dit een en dieselfde ding is. Die doop is ingestel toe Johannes begin doop het en nie eers na die opstanding van Christus, soos die Wederdopers uit Matteus 28:19 aflei nie. As die doop werklik eers na die opstanding van Christus ingestel is, dan sou dit beteken dat Christus 'n tweërlei doop moes ingestel het. Dit gaan nie op nie. Die feit dat Christus se dissipels

alreeds gedoop het, spreek daarteen (bl 66–67). Zwingli gebruik Lukas 16:16 ('Tot op Johannes was dit net die wet en profete. Van toe af word die koninkryk van God verkondig ...') as argument teen die Wederdopers se stelling dat Johannes se doop slegs 'n voorloper is van Christus se doop. Sy argument is dit: As Johannes die prediking van die evangelie ingelui het, het hy ook die doop ingelui. As Johannes se prediking van die Lig self getuig, waarom sou sy doop slegs 'n skadu van die toekomstige doop wees (bl 68). Die Wederdopers het die argument aangevoer dat Johannes in Johannes 1:31 sy doop 'n waterdoop noem en dat dit gevolglik slegs 'n waterdoop is en nie 'n doop van die Gees nie. Hierop antwoord Zwingli dat Johannes hier onder waterdoop veral die onderrig en leer wat hy verkondig het, verstaan. Dit is naamlik dat hulle Christus kan leer ken en op hom kan hoop (bl 69). Wat Johannes se leer en onderrig betref, het dit heeltemal met die Christus se apostels daarin ooreengekom dat hy dieselfde evangelie gepreek het. Christus se uiterlike onderrig was na die inhoud een met dié van sy dissipels, maar ook een met Johannes s'n. Dieselfde geld ook met betrekking tot die uiterlike doop. Christus se doop is, wat die onderrig en leer en wat die waterdoop betref, presies dieselfde as dié van sy dissipels en dié van Johannes (bl 71). Die feit dat Jesus self gedoop is, verklaar Zwingli so dat Jesus tot 'n voorbeeld vir ons gedoop is. Hy is ter wille van ons gedoop om daarmee aan ons 'n voorbeeld te gee dat Johannes se doop en sy doop een en dieselfde doop is en dat ons almal ons onder hierdie een teken bevind (bl 76).

## 6. ZWINGLI SE SKRIFGEBRUIK

Wanneer ons hier oor Zwingli se Skrifgebruik praat, wil ons slegs ingaan op die aspekte wat in hierdie geskrif na vore kom en nie op Zwingli se Skrifgebruik in die breë nie.

Die eerste saak wat opval, is die groot respek en eerbied wat hy vir die Bybelwoord as die waarheid en die Woord wat van God kom, het. Dit blyk uit sy bede dat God hom niks sal laat spreek of sal laat skryf wat teen sy wil of waarheid is nie (bl 13). Die Bybel is die verwoording van God se wil en die waarheid wat van Hom kom. Daarom is daar nie vir die eie menslike woord plek nie.

Die tweede saak wat sterk na vore kom, is dat Zwingli 'n goeie, wetenskaplike hantering van die Skrif het wat aansluiting by sommige van ons kontemporêre opvattings oor Skrifgebruik vind. Zwingli hou naamlik daarmee rekening dat 'n woord nie altyd 'n vaste betekenis het

nie, maar dat die betekenis daarvan bepaal word deur die gebruik daarvan en die konteks waarbinne dit staan. So wil Zwingli, wat die gebruik van die woord 'doop' in die Skrif betref, daarmee rekening hou dat dit verskillende gebruike en betekenismoontlikhede kan hê. Hy waarsku dat wie nie daarmee rekening hou nie, in dwalinge verval (bl 19–21). Hy wil daarmee rekening hou dat 'n woord selfs gebruik kan word om 'n ander saak aan te dui. Hy stel dan ook duidelik 'also wirdt oft ein Wort für das ander genommen in der Schrift; und wenn wir nit uff den Sinn sehend, so verfaren wir gantz' (bl 84). Hy gebruik die stelling om sy standpunt te begrond dat die woord 'doop' ook in die sin gebruik word dat dit op iemand se onderrig of leer (en selfs geloof) kan slaan. Dit is baie duidelik dat Zwingli van die gedagte uitgaan dat 'n woord se betekenis oral bepaal word deur die gebruik daarvan in sy natuurlike konteks. Dit is op grond hiervan dat hy die Wederdoperse mening bestry dat oral waar die woord gebruik word, dit op gewone water sou slaan (bv Joh 3:5 en Joh 4) en dus op die waterdoop betrekking het (bl 57–58).

Die beginsel wat hy ten opsigte van die betekenis van woorde en teksgedeeltes wil gebruik, druk Zwingli met die frase 'recht natürlich Sinn' (bl 33 en volgende) uit. Dit wil sê dat dit in hulle 'regte, natuurlike betekenis' verstaan moet word. In die proses om die 'natuurlike betekenis' van 'n woord te peil, wil Zwingli nie onvoorwaardelik aan die letterlike betekenis van die woord vashou nie, hoewel 'n mens tog ook deeglik op die letterlike betekenis moet let, maar dan met matigheid (dit wil sê goeie oordeel). Na my mening wil Zwingli hiermee sê dat die natuurlike betekenis van 'n woord tog bo die letterlike gesigswaarde daarvan uitgaan. Hy wil sekerlik vashou aan die letterlike betekenis van 'n Bybelwoord of Bybelgedeelte, maar dit is nie die alleen-bepalende nie; die natuurlike gebruik van so 'n woord is ook medebepalend. Die beginsel waarvolgens Zwingli die Bybel wil uitlê, is om tot die natuurlike en ook letterlike sin van die Skrif deur te dring.

Vanuit dié beginsel kan Zwingli dan sê dat 'n bloot letterlike vashou aan die woordvolgorde in die Skrif op baie plekke tot 'n valse verstaan van die Skrif kan lei (bl 35), en spreek hy ook wanneer hy oor die uitleg van die trinitariese doopformule praat, die oortuiging uit dat dit nie om die woorde moet gaan nie, maar om die saak wat betuig word (bl 79). Oor dieselfde doopformule sê hy verder dat die 'regte, natuurlike betekenis' daarvan nie in die starre vorm van die doopformule lê nie (bl 39 en volgende). Hy verwyt dan ook die Wederdopers dat hulle Matteus 28:19 so gebruik dat hulle slegs op die blote orde van die

woorde aandring. Hulle gaan dus van die blote letters van die woorde aandring. Hulle gaan dus van die blote letter van die woord uit wanneer hulle daaruit 'n vaste volgorde van eers leer en dissipels maak en dan doop, aflei. Bekyk 'n mens die sin in sy geheel, word dit duidelik dat Christus verder aan sê dat hulle ook ná die doop geleer moet word om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het (bl 33).

In die derde plek is daar ook die beginsel met betrekking tot die gebruik van die Bybel wat in hierdie geskrif duidelik na vore kom. Dit is 'n beginsel wat Zwingli soos volg verwoord: 'Ons mag alleen die dinge navolg wat Christus geleer en gedoen het en geen ander leermeester aanhoor nie ... In die dinge waarin Christus vir ons 'n duidelike voorbeeld gegee het dat hy 'n ding geleer en gedoen het, mag ons geensins anders optree nie' (bl 95 en volgende). 'n Voorbeeld van hoe hy die beginsel toepas, vind ons waar hy die wederdoop afwys met die argument dat Christus asook die apostels wat die waterdoop betref, met Johannes se doop gedoop is, maar dat nòg Christus nòg sy dissipels hulle later weer laat doop het (die veronderstelling is met Christus se doop). Aan die hand van dié voorbeeld het 'n mens dan geen reg om jou weer te laat doop nie (bl 96). Zwingli se gedagte is dat waar ons 'n duidelike voorbeeld of woord van Christus het, dit 'n geldende norm is wat ook in 'n mens se eie lewe toegepas moet word.

Laastens wil ons ook 'n opmerking oor Zwingli se gebruik van die Ou Testament maak. Hy gaan uit van die gedagte van 'n eenheid van die twee testamente met 'n lyn wat van die Nuwe Testament na die Ou Testament loop en meebring dat die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament verklaar moet word. Dit is vanuit dié standpunt dat Zwingli die doop in die Ou Testament en die verbond begrond het, soos ons reeds vroeër hierbo aangetoon het. Dit is ook vanuit dié standpunt dat hy sê dat Christus vir ons die twee hoogste sakramente van die Ou Testament verander het in twee vriendelike tekens waarin dit nie meer nodig is om bloed te vergiet of iets liggaamlik dood te maak nie. Die dood en bloed van die paaslam het hy verander in wyn en brood. So het hy ook die bloed van die besnydenis verander in water (bl 17 en volgende).

## 7. ZWINGLI EN DIE HEILIGE GEES

Hoewel Zwingli in die geskrif geen uitgewerkte leer van die Heilige Gees gee nie, is dit tog opvallend dat hy dikwels na die Heilige Gees verwys. Die vernaamste klem wat hy lê, is dat die ware innerlike en

sonde-reinigende doop die werk van die Heilige Gees is (o a bl 18, 19, 20 en 25). Hierdie innerlike doop met die Heilige Gees waar die Gees aan die werk is, is uitsluitlik God se werk, aangesien dit alleen die Heilige Gees is wat ons lewend kan maak (bl 18, 19, 20, 24, 25 en 26). Die innerlike doop deur die Heilige Gees wat werklik reinigende krag het, staan teenoor die uiterlike waterdoop deur mense wat niks anders as 'n teken kan wees nie. Zwingli beklemtoon dit ook sterk dat dit God is wat vrymagtig in die doop aan die werk is met sy Gees soos, waar en wanneer Hy wil (bl 20.)

Wat die ontvangs van die Heilige Gees deur mense betref, beklemtoon Zwingli dit in so 'n mate dat hy in meer as een sinsnede die ontvangs van die Heilige Gees en geloof as byna sinoniem gebruik. Daar is dus 'n noue verband tussen die Heilige Gees en geloof (bv bl 24).

Uit Zwingli se talle terloopse verwysings na die Gees in hierdie geskrif, is dit in elk geval duidelik dat die Heilige Gees 'n belangrike rol in sy teologiese denke vervul.

Ons sou op nog ander aspekte van Zwingli se denke kon ingaan, soos byvoorbeeld sy siening van die erfsonde waaraan hy 'n hele onderafdeling wy, maar ons volstaan met bostaande in die hoop dat ons hiermee 'n klein bydrae tot 'n groter bekendheid met en waardering van Zwingli se teologiese denke kon maak.

**Literatuurverwysings**

PFISTER, R 1948. *Zwingli Hauptschriften*. Zürich: Zwingli Verlag.